Graad 10: Ekonomie opdrag 1 Datum: 03/06/2020

Naam en Van: .....

1.1.1 Ekonomie is 'n sosiale wetenskap wat 'n studie doen van hoe mense **hulle behoeftes en begeertes deur ... bevredig.**

A onbeperkte middele
B **beperkte middele**
C onbeperkte hulpbronne
D **onbeperkte behoeftes**

1.1.2 **Dit is die vertakking van Ekonomie wat na die ekonomie as 'n geheel kyk, byvoorbeeld nasionale inkomste.**

A Mikro-ekonomie
B **Monetêre ekonomie**
C Makro-ekonomie
D Ekonometrie

1.1.3 **Die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n land oor 'n tydperk van 'n jaar geproduseer word staan bekend as ...**

A Bruto Binnelandse Produk (BBP).
B Bruto Nasionale Inkomste (BNI).
C Bruto Binnelandse Besteding (BBB).
D **Ekonomiese kringloop.**

1.1.4 **Enige faktor, in die ekonomiese kringloopmodel, wat 'n vermindering in die bestedingsvloei veroorsaak, word ... genoem.**

A inspuitings
B **nominale vloei**
C lekkasies
D **reële vloei**

1.1.5 **Wanneer daar vir ten minste twee opeenvolgende kwartale 'n negatiewe ekonomiese groei is word dit 'n ... genoem.**

A ekonomiese groei
B **inflasie**
C piek
D **resessie**

(5x2) (10)

Kies 'n **beskrywing** in KOLOM B wat by die **begrip** in KOLOM A pas.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Ekonomiese doeltreffendheid	A Besighede voorsien goedere en dienste aan huishoudings, die regering en die buitelandse sektor deur uitvoere via die goederemark.
1.2.2 'n Mark	
1.2.3 Spare	B Dit is die verskil tussen inkomste en besteding.
1.2.4 Piek	C Die boonste draaipunt op die sakesiklus.
1.2.5 Vryheid	D Bring kopers en verkopers bymekaar met die doel om handel te dryf
1.2.6 Reële vloei	E Ontstaan wanneer hulpbronne, in die produksie van goedere en dienste, optimaal benut word
	F Alle mense het 'n basiese reg om vry van armoede, onkunde en slawerny te wees.
	G Goedere en dienste wat mense nodig het om te oorleef

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. (6x1) (6)

1.3.1 Die ekonomiese vertakking wat die gedrag van die individuele besluitnemingseenhede van die ekonomie soos huishoudings, ondernemings en individuele verbruikers bestudeer

1.3.2 Dit is goedere met 'n hoë waarde. soos masjinerie en gereedskap wat gebruik word om ander goedere te produseer.

1.3.3 Dit is die belasting wat deur huishoudings en besighede op hulle inkomste betaal word.

1.3.4 Sakesiklus-aanwysers wat aandui wat in die toekoms met ekonomomiese aktiwiteite kan gebeur

(4x1) (4)

2.

- Gee 'n volledige bespreking van die VIER hoofdeelnemers in die Ekonomiese kringloopmodel van 'n oop ekonomie. (26)

- Beskryf die verhouding tussen *besparings/spare* en *investering*. (10)
[40]

TOTAAL: (60)